

Dinsdag 20 Julie

Skrifgedeelte: Miga 7:1-7

Fokusgedeelte: Miga 7:1

Gemeentelike sondebeseft (1)

Ná die hofsaak teen Israel en Juda kom Miga self aan die woord. Anders as die profete van sy tyd, pleeg Miga nie volstruispolitiek nie – hy ontken nie die sonde en die dreigende oordeel nie (Miga 2:6). Trouens, hy gaan verder as wat die volk self gegaan het. Nie net erken hy sy eie sonde nie, maar hy erken, beleef en bely die sonde van die volk asof dit sy eie is! Hy kyk na die volk en beseft dat daar in hulle geen geregtigheid, vrees en opregte diens aan die Here oor is nie. Selfs die regeerder, wat veronderstel is om God se koningsheerskappy duidelik te maak, jaag ongeregtigheid na en vind dit goed dat die volk sonde doen (Miga 7:3).

Ons vind iets hiervan ook in die apostel Paulus wanneer hy oor die Jode skryf in Romeine 9:3 en 10:1-2. Daar gaan hy selfs verder as Miga deur te sê dat hyself eerder vervloek sou wees as hulle tog maar net wou bekeer en die vrypraak in Christus wou omhels. Om deur God in sy volk ingelyf te word, loop daarop uit dat daar 'n eenheid tussen gelowiges ontstaan waarin ons mekaar se sondes en laste na die Here toe dra.

Geloof in Christus is nie alleen bevryding van die sonde en die dood nie, maar ook inlywing in die uitverkore volk van God, die kerk van die Here. In die kerk van die Here is daar steeds sonde. Ja, ons is nuwe mense deur die Heilige Gees, maar ons is steeds net mense. Omdat ons een in die geloof is, dra ons ook saam aan die gemeente se sonde wanneer opregtheid, regverdigheid, waarheid en liefde in ons geledere ontbreek. Juis dan kan ons alleen wag op die Here en tot Hom roep in gebed (Miga 7:7).

Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2

Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg/Saldanha)